Tema: Die doop bevestig dat die lewende God jou deel maak van sy huisgesin (die gemeente) waar jy ware geloof in Christus moet leef.

Lofsang met die oog op die erediens
Psalm 100-1: 1, 2, 3, 4
Lied 542: 1, 2
Lied 553: 1

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 27-3: 3
Votum
Seën
Loflied Ps. 48-2: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: 12 Artikels - almal hardop saam.

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20
Sing na die wet Sb 3-5: 1, 2, 3
Gebed

Bediening van die Sakrament
Doopformulier
Sing na die doop Sb 16-1: 1, 2, 3 (kleuters gaan na hulle Woordbediening)
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Timoteus 3: 14 - 16
1 Petrus 2: 4 – 6
Efesiërs 2: 19 - 22
Teksverse: 1 Timoteus 3: 15
Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 74
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing: Ps. 84-2: 1, 4, 5
Liefdegawe
Gebed
Sing Ps. 91-1: 1, 6 (tweede melodie)
Seën
Amenlied Sb 13-2.

“My geloof is ŉ persoonlike saak, dit het niks met ander mense te doen nie”. Hierdie woorde is deesdae ŉ baie gewilde gedagte van en sêding deur gelowiges. So ŉ uitspraak val vir baie mense goed op die oor, want ons leef vandag binne die klimaat van indiwidualisme! Ek leef vir myself en hoogstens vir my gesin en wat ek glo en doen het niks met ander mense te doen nie!

Geliefde brs en srs en kinders, hierdie woorde en gedagte is natuurlik nie waar nie! Dit berus op geen Bybelse uitspraak of gedagte van God nie! Inteendeel, ek sal so ver wil gaan om te sê hierdie uitspraak is ŉ leuen van Satan om gelowiges los te skeur van die kerk en die kerk as God se instelling te vernietig!

Hierdie leuengedagte is natuurlik ook nie nuut nie! Ons vind dit alreeds in die heel eerste gesin op aarde by Adam en Eva se seun Kain. Nadat Kain vir Abel vermoor uit jaloesie omdat God sy offer nie aanvaar het nie maar wel Abel se offer aanvaar het, kom die Here na Kain en vra vir hom “Waar is jou broer Abel” waarna Kain antwoord: “Ek weet nie, moet ek dan my broer oppas?”. Hierdie antwoord van Kain openbaar presies dieselfde gedagte! Geloof is ŉ persoonlike saak – dit het niks met ander mense te doen nie! Dis die leuen waarmee Kain hom wou verontskuldig.

Nee, br. en sr, my geloof en my verhouding met God is ook ander mense se saak! Natuurlik tree God in ŉ persoonlike verhouding met jou en is sy reddingsdaad aan jou ŉ saak waarop jy persoonlik moet reageer! God red jou nie deur ander mense nie – jy moet in geloof persoonlik sy redding aanvaar!

Maar God maak elke gelowige ook deel van sy huisgesin. Hy plaas jou in ŉ onlosmaaklike verhouding met ander mense waar jou geloof en die uitlewing daarvan wel ander mense se saak is en hulle geloof ook jou saak word.

Dis presies een van die waarhede wat God met die doop vir ons kom sê. Hierdie doop van Hannah wat ons vanmore gesien het, bevestig dat die lewende God jou deel maak van sy huisgesin waar jy ware geloof in Christus moet leef! (herhaal die tema).

As gelowige kind van God is jy nooit op jou eie nie! Geliefdes, is dit nie wonderlik nie? Dis juis deel van God se genade aan jou dat Hy jou deel maak van sy huisgesin van gelowiges. Dit is deel van God se reddingsplan! Die hele Bybel is vol van metafore waarmee God hierdie waarheid verduidelik! Die bekende Psalm 23: Die Here is my herder, ja! Maar Eseg. 34 maak dit duidelik: ek is nie ŉ alleenskapie nie! Nee, ek is deel van God se kudde, sy volk waar Hy ons almal saamvoeg om in verhouding met Hom en met mekaar te lewe!

Die Here het ook die doop ingestel as sigbare bewys van hierdie genade wat Hy aan jou as sy kind betoon. Ons het in Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 74 gelees dat kinders net so volledig deel van die gemeente is as volwassenes en verder “Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf word”. Toe ek en jy gedoop is, het God bevestig: ek het jou deel van die kerk gemaak!

Hannah is – soos ons almal - onlosmaaklik deel van die kerk!

Dis waarom ons as gemeente ook in die Doopformulier opgeroep word met die woorde" En u geliefde gemeente, ontvang hierdie kind as deel van die verbondsvolk en die liggaam van Christus!" Ons as gemeente het nou ŉ verantwoordelikheid teenoor Hannah. Ons moet vir haar lief wees en ons moet vir haar ŉ voorbeeld stel! Ons moet haar lei en help in haar geloofslewe! Ons moet haar help grootmaak in die geloof en ons moet haar beskerm teen die aanvalle van Satan!

Brs en srs, dis om hierdie rede dat ŉ doop nie in die privaatheid van ŉ huis of persoonlike familiebyeenkoms bedien word nie! Die doop is nie net ŉ saak vir die dopeling, die ouers of die familie nie! Die doop is ŉ gemeentesaak – God maak jou deel van die gemeente! Daarom bedien ons dit hier in die midde van die gemeente sodat elkeen van ons ons verantwoordelikheid teenoor Hannah kan nakom!

Hierdie verantwoordelikheid van elke gemeentelid teenoor die ander word baie sterk in ons teksverse beklemtoon! Paulus skryf aan die jong dominee Timoteus om hom leiding te gee oor hoe hy as predikant in die gemeente moet optree maar ook hoe die lidmate hulle verantwoordelikhede in die gemeente moet uitvoer. Dis volgens hf 2: 15 die doel van die brief: sodat jy kan weet hoe iemand hom/haar in die huisgesin van God moet gedra. God plaas ons in sy huisgesin en hier moet ons as gelowiges saamleef en het elkeen ŉ verantwoordelikheid.

Paulus gebruik hier twee begrippe wanneer hy na die gemeente verwys! Kom ons kyk wat dit prakties vir ons beteken! Hy praat eerstens van die gemeente as die "huisgesin van God" en tweedens van die "gemeente van God".

Met die begrip "huisgesin" plaas die Here baie sterk klem op ons onderlinge verhouding as gemeentelede met mekaar! Ons as gemeente is net so sterk aan mekaar verbind as wat elke huisgesin hier aan mekaar verbind is!

Net soos wat die lede van ŉ huisgesin, pa, ma en kinders baie lief is vir mekaar en hierdie liefde elke dag prakties uitleef, net so moet ons as gemeentelede lief wees vir mekaar en ons verantwoordelikhede teenoor mekaar uitleef! God het immers sy liefde in ons harte gelê en ons moet hierdie liefde as gelowiges in die eerste plek aan mekaar in die huisgesin betoon! Dis mos wat Christus ons kom leer het: dat ons mekaar se voete was en dat ons mekaar bo alles moet liefhê.

Net so min as wat ŉ huisgesin sal toelaat dat een lid van die gesin sommer net wegraak en niemand is bekommerd oor hom nie, mag ons dit ook nie in die gemeente toelaat nie! Die oomblik as ŉ kind wegraak – dan is daar dadelik ŉ soektog op tou en almal stuur Whattsapp boodskappe wat sê: hierdie kind is weg – asseblief – almal help soek! Net so moet ons in die gemeente oor mekaar besorgd wees en die gaan opsoek wat wegraak! Daar is sovele van ons Potchefstroom-Oos se huisgesin wat wegraak! Lidmate wie se name nog op ons lys is,

maar wat in die praktyk glad nie meer deel van die gemeente is nie! Hulle woon nie die eredienste by nie, hulle leef nie mee nie? En na alle waarskynlikheid kry hulle om een of ander rede swaar! Is ons besorgd oor hulle? Gaan soek ons hulle en maak seker dat hulle deel word van die intieme lewe van ons as huisgesin van die Here.

Dirk en Annuschka het – soos elke ander doopouer – belowe dat ons ons kinders in die hart van die gemeente sal grootmaak. Dit beteken dat ons self as meelewende lidmate sal leef en so vir ons kinders die voorbeeld sal stel. Wat doen ons om mekaar hierin te help! Is ons besorgd oor mekaar of kan iemand maar weg raak en niemand gee om nie! Is ons besorgd of ons broers en susters in die geloof versorg is! Of hulle fisiese en geestelik nie honger ly nie of eintlik maar in die geloof op straat leef nie?

Brs en srs, met hierdie doop het die Here vanmore vir elkeen van ons weer kom vra: “Waar is jou broer Abel?

Met die begrip “huisgesin” wil die Here ook tweedens vir ons leer dat lidmate verskillende rolle ontvang om uit te leef! Net soos ’n huis ’n pa en ma en kinders het en elkeen van hulle verskillende verantwoordelikhede het, net so gee die Here aan elkeen van ons ’n rol en verantwoordelikheid in die huisgesin van God!

God gee deur die Heilige Gees verskillende gawes aan mense en elkeen van ons moet ons rol en verantwoordelikheid in die huisgesin van God nakom volgens die gawes wat die Here ons gee! Gaan lees maar deur die res van Paulus se brief aan Timoteus. Hy praat van die rolle van manne en vroue in die gemeente, van ouderlinge en diakens, van weduwees en die versorging van verskillende mense. Hy praat met die slawe en hoe hulle hulle rol moet vervul.

Br en sr en ook kinders: so gee die Here ook aan my en jou ’n taak en ons moet dit met toewyding aan die Here vervul. Niemand in die huisgesin van God is werkloos nie! Niemand kan sê: ek het niks om te doen nie, ek het nie ’n verantwoordelikheid nie! Ons almal het ’n gawe van die Here ontvang en ons moet dit hier in die huisgesin vir mekaar aanwend!

Dis waarom Petrus in sy brief die gelowiges oproep: “Laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis om ’n heilige priesterdom te wees om geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is”. Ek en jy is lewende stene van die lewende God wat hier in sy gemeente met ons dienswerk lewende offers vir die Here bring!

Die tweede woord van Paulus gebruik wanneer hy na die kerk verwys is: gemeente van God. Hierdie Griekse woord dui op mense wat uitgekies is om vir ’n spesifieke doel bymekaar te kom! So is ons as kinders van die Here uitgekies om bymekaar te kom om God te dien! Ons is ’n vergadering van gelowiges!

Hierdie woord dui daarop dat daar struktuur in die kerk is! Petrus gebruik ook die metafoor van ’n gebou as hy na hierdie aspek van die gemeente verwys. So het ons ook in Efesiërs 2 gelees: [20]Julle is ’n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete,

’n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. [21]In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot ’n heilige tempel vir die Here, [22]in wie julle ook saam opgebou word as ’n geestelike huis waarin God woon. Daar is struktuur – ‘n bouplan!

Die kerk is nie sommer maar net ’n klomp gelowiges wat op eie stoom bymekaar kom nie! Nee, ons is deur God saamgevoeg en God gee struktuur daaraan! Christus is die hoof van die kerk – Hy regeer die kerk! Hy is die voorsitter van hierdie vergadering! Hy is die Verlosser en ons is die verlostes! Hy is die hoeksteen – die belangrikste steen in die gebou en ons is die lewende stene wat op Hom gebou word!

En geliefdes, Christus regeer die kerk deur sy Woord! Dis nie die dominee of die ouderlinge of lidmate wat volgens ‘n demokrasie uit eie wil besluit hoe die gemeente moet funksioneer of as gesin saamleef nie! Christus gee die struktuur in sy Woord! Hy regeer ons almal deur die Woord en ons almal moet daaraan gehoorsaam wees!

Daarom praat Paulus in ons teks van die gemeente as die “draers en beskermer” van die waarheid. In Grieks staan daar ons is die “pilare en grondslag of fondament” van die waarheid! Hier in die gemeente moet die waarheid van Jesus Christus leef en ons almal moet daarvolgens leef! In vers 16 haal Paulus aan uit ’n lied oor Christus wat daardie tyd in die kerke gesing is! ’n Belydenislied oor Christus en sy grootheid! Dis waaroor die kerk gaan: oor Christus en sy redding aan sondaarmense!

Geliefdes in die kerk gaan dit dus nie in die eerste plek oor my en jou nie, dit gaan oor Christus en hoe ons as gemeente Hom dien! Die doop het ons immers vanmore weer herinner aan die kruis op Golgota! Dat ons sondes alleen deur die bloed van Christus afgewas word en dat Christus ons deel maak van die huisgesin van God – waarvan Hy die eerste en belangrikste is! Sonder Hom was ons straatkinders sonder heenkome en toekoms!

Nou het die Here ons aan mekaar gegee en hier moet ons mekaar in die waarheid van die Woord lei! Ons is mekaar se oppassers! Ons moet mekaar in liefde by die waarheid van Christus hou! Om hierdie rede is jou geloof nie net ’n persoonlike saak nie! Die Here sê in Esegiël 18 en Jakobus 5: as iemand van die waarheid wegdwaal, as iemand uit die huisgesin van God die koers byster raak en ek het hom of haar nie in liefde gehelp om weer volgens die waarheid te leef nie, sal God sy of haar bloed van my hand eis!

Ons as kerk is ook die pilare en draers van die waarheid in die samelewing! Daar moet ons die waarheid gaan leef en verkondig – sodat straatkinders geestelike huis kan kry!

Geliefdes, Hannah se doop het my en jou vanmore kom herinner: ek en jy is broer en suster vir mekaar! Die Here het in sy groot genade ons deel gemaak van sy huisgesin, van sy gemeente, waar ons mekaar moet liefhê, mekaar moet dien en waar ons die draers en die beskermers van die waarheid moet wees!

Wat ’n wonderlike genade het God nie aan ons bewys deur ons nie geestelike straatkinders te maak nie – maar ons in ’n liefdevolle, omgeehuisgesin te plaas. ’n Huis waarvan Jesus die pa is en waar Hy sy gesin versorg! ’n Huisgesin waarvan ek en jy ’n lewende lid moet wees en waar ons mekaar dien en mekaar vashou!

Amen.